PERSVERKLARING

NOG ‘N VILLAGE DEEL VAN SENWES FAMILIE

Die pas voltooide Senwes Village in Potchefstroom is die nuutste toevoeging tot die Village-familie en is op Woensdagaand, 11 November amptelik heropen.

Die knip van die lint, wat die amptelike heropening van die Senwes Village in Potchefstroom voorgestel het, is deur Japie Grobler (Voorsitter: Senwes) en Maphetle Maphetle (Burgemeester: Potchefstroom) behartig. Daarna is die sleutel van die winkel in ‘n simboliese gebaar aan Hennie Groenewald (Winkelbestuurder: Senwes Village Potchefstroom) oorhandig.

“Hierdie is die een plek in Potchefstroom waar julle welkom moet voel. Hier het julle vryspraak. Dit is julle plek,” het Francois Strydom (Direkteur: Bedryf, Senwes) tydens die heropening van die Senwes Village aan klante gesê. Hy het ook gesê dat opgradering op sigself niks beteken as die diens wat jy ontvang dieselfde bly nie. Senwes se Villages moet dus ‘n plek wees wat besigheid verstaan en vir jou boerdery waarde toevoeg, wat jou help om mededingend te wees in jou boerdery en waar jy gelukkig uitstap.

Potchefstroom se Senwes Village, wat in Durrstraat 15 geleë is, het op Vrydag, 13 November vir die publiek heropen. Die uitgebreide produkreeks is beskikbaar vir enige lid van die publiek en is nie beperk tot Senwes-klante nie.

Die vooraansig van die Potchefstroom Village met sy nuwe, groen baadjie. Die hoofingang van die winkel is verskuif.

Japie Grobler (Voorsitter: Senwes, links) en Maphetle Maphetle (Burgemeester: Potchefstroom) knip die lint om die amptelike heropening van die Village te vier.

- EINDE -

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 18 NOVEMBER 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za